

## BESTUUR TYDENS DROOGTES

deur

Dr Louis du Pisani, NWKV, PE

Tydens 'n droogte moet veeboere vele taktiese besluite neem ten einde die droogte te kan oorleef. Daar is nie 'n enkele plan wat almal pas nie. Tog is daar seker aspekte wat aandag moet geniet.

### UITGAWES

Begin om soveel as moontlike uitgawe-krane toe te draai, beide in die boerdery en met privaat spandering. Beperk kostes tot daardie items wat noodsaaklik is om die droogte te oorleef sodat daar met die boerdery voortgegaan kan word sodra die droogte gebreek is.

Indien moontlik, plaas alle kapitale uitbreidings en vervanging van toerusting op die ys. Onderhandel so gou moontlik met die debiteure as daar gesukkel word om by te hou met paaiemente. Moenie wag totdat die debiteure stappe wil begin neem nie.

### VERMINDERING VAN VEE

Raak ontslae van alle oortollige en onproduktiewe vee (lees meer hieroor by [http://www.nwga.co.za/images/downloads/Ontlading\\_van\\_veen.pdf](http://www.nwga.co.za/images/downloads/Ontlading_van_veen.pdf) en [http://www.nwga.co.za/images/downloads/drought\\_management.pdf](http://www.nwga.co.za/images/downloads/drought_management.pdf)). Moenie hierdie uitstel totdat die diere maer is nie. Begin eerder te vroeg as te laat.

Indien moontlik, behou die kern van die diere, wat gewoonlik alle produktiewe ooie is. Hulle moet so ver moontlik in volle produksie gehou word, so ver as wat dit ekonomies moontlik is. Dit is gewoonlik nie 'n opsie om byvoorbeeld die kernkudde ooie nie te paar nie. 'n Mens kan eerder 'n plan maak om ooie wat lam te voer as dit glad nie reën nie, as wat 'n mens sonder lammers sit en dit het dalk goed gereën. 'n Kernkudde wat steeds in produksie is, is ook baie voordelig wanneer die droogte breek.

### DROOGTEVOEDING VAN VEE

Daar is baie faktore wat by die voer van diere in die droogte in ag geneem moet word.

**Begin vroegtydig met byvoeding** - Die kondisie van die skape sal in 'n groot mate die stadium bepaal waarin met byvoeding begin moet word. 'n Goeie reël is om met byvoeding te begin wanneer skape wat in matige kondisie is. Wag die boer totdat die skape te swak is, d.w.s. wanneer hulle meer as 30 persent aan gewig verloor het, kan hy baie van hulle verloor.

**Waar om te voer** - Skape moet verkieslik nie naby suipings gevoer word nie. Deur die byvoeding weg van drinkplekke af te verskaf, word die diere aangemoedig om die nog beskikbare weiding te gebruik. Wanneer die veld egter sodanig verswak het dat dit min of geen voedingswaarde meer het nie, sal dit beter wees om die diere bymekaar te bring in klein kampies wat vir die doel ingerig is, en hulle daar te voer. Hierdeur sal energievermorsing as gevolg van die doellose rondloop van skape

uitgeskakel word en die veld teen onnodige uittrapping beskerm word. Dit besnoei ook arbeids- en vervoerkoste.

**Hoe gereeld moet gevoer word** - Goeie resultate is die verlede tydens droogtes behaal deur skape net een of twee keer per week te voer in plaas van om die rantsoen in daaglikse kwotas aan die diere te verskaf. Waar hierdie tegniek gevolg is, is bevind dat minder vrektes voorkom, hoofsaaklik omdat die swakkere diere dan ook geleentheid kry om hul pense behoorlik te vul. Swaar dragtige ooie en lammerooie moet egter verkieslik hul rantsoene in daaglikse kwotas ontvang.

Lees meer oor droogtevoeding- en bestuur by <http://www.nwga.co.za/drought/drought-management.html>